Manne Reisgesprek

Vrydagoggende

Weekliks volgens die kalender

Volgende geleentheid:

4 Februarie 2022

Koffie 05:15 Gesprek 05:30

Die volgende riglyne geld:

Dit is absoluut vrywillig.

Ons primêre fokus is werkende mans in ons gemeente, hoewel almal welkom is.

Die tyd is 05:15, hoewel ons eers 05:30 begin om tyd toe te laat om eers koffie te maak vir dié wat wil hê.

Die byeenkoms word beperk tot 1 uur, maar jy is welkom om vroeër te vertrek as jou omstandighede dit vereis.

Ons werk vanjaar James Smith se dissipelskap-werkboek, ***"The Good and beautiful God"***, deur.

ACVV Huis Marie Louw, NPO organisasie benodig tans nuwe bestuurslede uit die gemeenskap met onder andere 'n finansiële agtergrond en/of kennis in verband met Departement Arbeid personeelsake. Tweetalige belangstellendes skakel asb. vir Johanna Meyer 082 579 4068 of epos: jmhml45@gmail.com.

BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS

Die Berg-en-Seeklub vir senior burgers vergader om **9:30** (let op die tyd) in die kerk op **Donderdag 3 Februarie**. Die bekende inspirasiespreker, dr. **Jannie le Roux**, tree op.

Onderwerp: 2022 - Kruppel of Huppel? Dr. Le Roux praat gereeld oor die radio en het al as hoofspreker vir 'n leierskonferensie in Madagaskar opgetree.

'n **Gewilde pianis**, Erna de Waal, tree op terwyl ds Frikkie van Niekerk ons met sy **buikspraak** verras! Almal is welkom. Toegang: Lede R10 Nie-lede R20

Jaarlikse ledegeld: R70

Vir navrae kontak asseblief vir Trina van Schalkwyk by 084 774 3532.

BYBELSTUDIE STORMHAVEN PARK

10 + 24 Februarie 2022 om 10:00

Koördineerder: Coenie Basson – 082 552 1850

Kategese

- Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.
- Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.

Junior kategese: Tema 30 Jan: Hardloop jy in die regte rigting?

Om te verdwaal is nie lekker nie. Aanvanklik weet jy nie eers dat jy verdwaal het nie, maar later begin daardie ongemaklike mislike gevoel van disoriëntasie oor jou kom en jy wonder waar jy jou nou eintlik bevind. Die bekende bakens is weg en die omgewing waar jy jou nou bevind begin gevaarlik voel. Net so is dit met ons lewens. Die Bybel leer vir ons dat daar 'n weg is wat vir mens reg lyk, maar die einde daarvan lei na die lewe ver weg van die Here af. In die aanbieding wil ons seker maak dat die kinders op die regte pad is. Is hulle lewens so ingestel dat hulle die Here volg.

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
23 Jan	**Gesinsdiens**: Amazing Race - bekendstelling	Werner Schultz
30 Jan	Hardloop jy in die regte rigting?	Suzelle Brits
06 Feb	Jou Amazing Race begin by die kruis	Merizle Mitrovich
13 Feb	Luister na jou afrigter se stem	Hennie Marx
20 Feb	Heilige Gees energie	Suzelle
27 Feb	Om die doel te dien	Merizle
06 Mrt	Bekendstelling: Aerobiese oefenklas	Hennie
13 Mrt	Oefen saam met die span	Suzelle
10 Apr	**Gesinsdiens**: Amazing Race - Paasfees	Werner
24 Apr	Woord-vitamines	Merizle
08 Mei	Strek- en asemhalingsoefeninge	Hennie
15 Mei	Asem in, asem uit!	Suzelle
22 Mei	Hou jou voete fiks	Merizle
29 Mei	Pinkster	Aanbieders
05 Jun	Pinkster	Aanbieders
12 Jun	Pinkster	Aanbieders
24 Jul	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
31 Jul	Bekenstelling: Menslike hindernisbaan	Hennie
14 Aug	Hou by die reëls	Suzelle
21 Aug	Ken jou opponent	Werner
28 Aug	Trek aan vir aksie!	Merizle
04 Sep	Hindernisse in die pad	Hennie
11 Sep	Vat vlam!	Suzelle
18 Sep	Bekendstelling: Mini Olimpiese Spele	Merizle
25 Sep	Opgee is nie 'n opsie nie!	Hennie
16 Okt	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
23 Okt	Comrades kampioene	Suzelle
30 Okt	Sien die skare	Merizle
06 Nov	Wanneer die eindfluitjie blaas	Hennie
13 Nov	Prysuitdeling	Suzelle
20 Nov	**Gesinsdiens**: Katgese afsluiting en kersfees	Werner

Aangepaste vlak 1 inperking soos op 30/12/2021:

Die aandklokreël is nie meer van toepassing nie.
Die perk op byeenkomste is 1 000 persone binnenshuis en
2 000 persone buitenshuis. Die voorwaarde geld steeds dat binnenshuise byeenkomste nie 50% van die kapasiteit van die lokaal mag oorskry nie. Die perk by begrafnisse is ook steeds 100 persone en mag nie langer as 2 uur duur nie.

Protokol vir kerkdienste:
dra van maskers, handsanitasie, invul van besoekersboek en handhawing van 1.5m sosiale afstand, geld steeds.